Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

FEBRUARIE 2022

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

PRIVATE GROEP GAAN HIGHLANDS KLEINMOND-BRAND ONDERSOEK

In 'n verklaring wat deur Uitvoerende Burgemeester Annelie Rabie uitgereik is, is dit bekend gemaak dat Munisipaliteit Overstrand Enviro Wildfire Services aangestel het om ondersoek in te stel na die onlangse brand in die Highlands Kleinmond-area.

Alle aanduidings tot dusver is dat die brand, wat meer as vyfduisend hektaar fynbos en ongeveer tienduisend hektaar landerye vernietig het, ontstaan het op 'n eiendom wat deur die departement van bosbou, visserye en die omgewing besit en bedryf word.

Enviro Wildfire is 'n private groep wat gespesialiseerde dienste aan brandbestrydingsorganisasies verskaf. Dié groep verleen ook in tye van nood ondersteuning met die bestryding van brande, soos wat die geval met die Highlands Kleinmond-brand was.

Vir dae aaneen het vrywilligers van oral oor sy-aan-sy met brandspanne van Overstrand, die Stad Kaapstad, CapeNature en Werk met Vuur gespook om die brand onder beheer te kry.

"Danksy hul heldhaftige pogings, en die ruimhartige ondersteuning van die publiek, kon enige lewensverlies en groot skade aan eiendomme en infrastruktuur verhoed word. Daarvoor is ons baie dankbaar," het die Burgemeester gesê.

Onderwyl daar op die uitslag van Enviro Wildfire se ondersoek gewag word, word daar weer eens 'n beroep gedoen op alle eienaars wat op die stadsoom woon om te sorg dat die toegangspaaie na hul eiendomme nie oorgroei word nie asook om 'n area van ten minste vyf meter rondom hul huise skoon te hou van vlamblare plantmateriaal sodat brandbestryders 'n kans staan om hul huise in die geval van 'n wegholveldbrand te red. Eienaars van kleinhoewes en plase in die Overbergdistrik word ook aangemoedig om onverwyld by die Brandbeskermingsvereniging van die Groter Overberg aan te sluit.

VERKEERSAFDELING SE KANTOORURE

Verkeerskantore in Kleinmond en Gansbaai sal op weeksdae (d.w.s. Maandae tot Vrydae) tussen 08:00 en 13:00 en van 13:45 tot 15:15 oop wees.

In Hermanus sal verkeerskantore op weeksdae (d.w.s. van Maandae tot Vrydae) van 08:00 tot 15:15 oop wees.

Voorts sal Hermanus se lisensie- en voertuigregistrasiekantoor ook tussen 08:30 en 12:00 op Saterdag 12 en 26 Februarie 2022 oop wees.

WEES INGELIG OOR WATERKWALITEIT

BESKRYWING VAN TOETS	EENHEID	STANDAARD SOOS PER SANS 0241	GEMIDDELDE TOETSRESULTATE VAN BESKRYWING VAN TOETSDRINKWATERMONSTERS VIR:								
			BR	KM	HM	SF	GB	DK	PB	BB	BJB *
pH	(pH) units	≥ 5 to ≤ 9,7	6,4	8,6	6,9	7,6	6,6	7,0	7,2	9,4	7,6
Elektriese geleidingsvermoë	mS/m	≤ 170	13,1	20,8	39,2	45,7	56,2	41,2	47,9	70,6	167,0
Troebelheid	NTU	≤ 1	0,6	0,5	0,6	0,4	0,6	0,3	0,4	0,4	0,3
Kleur	mg/ℓ as Pt-Co	≤ 15	10,0	10,2	10,0	10,0	10,0	10,0	10,0	10,2	10,0
Yster	µg/ℓ as Fe	≤ 300	59,8	65,5	20,4	-	20,0	-	21,8	20,0	20,0
Mangaan	µg/ℓ as Mn	≤ 100	-	-	34,4	-	-	-	-	21,6	-
Aluminium	µg/ℓ as Al	≤ 300	162,0	114,5	94,6	-	219,7	-	82,0	-	-
E.coli	Count/100mℓ	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0
Totale Hardheid	MG/L AS $CACO^3$	-	18	25,5	41,6	125,7	65,9	78,1	73,2	31,1	316,5

* **BR:** Buffelsrivier | **KM:** Kleinmond | **HM:** Hermanus | **SF:** Stanford | **GB:** Gansbaai | **DK:** De Kelders | **PB:** Pearly Beach | **BB:** Baardeskeerdersbos | **BJB:** Buffeljagsbaai

Die Departement van Water & Sanitasie (DWS) beveel aan dat munisipaliteite van tyd tot tyd inligting ten opsigte van die gehalte van drinkwater publiseer.

Waterkwaliteit word teenoor die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) se kode 0241 vir drinkwater gemeet.

Op die tabel hiernaas is die resultate vir die tydperk van April 2021 tot September 2021 se waterkwaliteit-metings vir Overstrand se nege water-aanlegte. Watermonsters word maandeliks deur 'n geakkrediteerde laboratoria geneem waar verskillende bakteriologiese, chemiese en fisiese parameters gemeet word.

Daaruit blyk dit dat ons waterkwaliteit van hoogstaande gehalte is, met 100% van die gemiddelde resultate wat aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Standaarde (SANS) se kode 0241 vir drinkwater voldoen.

In gevalle waar die toetsresultate van die finale drinkwater nie voldoen aan SANS 0241 nie, word daar regstellings by die watersuiweringsaanleg en in die water netwerk gedoen.

Die finale drinkwater word dan weer getoets om te verseker dat alle parameters wel aan SANS 0241 voldoen.

GEHALTE VAN BEHANDELDE RIOOLWATER-UITVLOEISEL

BESKRYWING VAN TOETS	EENHEID	DWS ALGEMEEN MAGTIGING STANDAARDE	GEHALTE VAN FINALE UITVLOEISEL BY RIOOLSUIWERINGSWERKE:						Hermanus Permit Magtiging Standaarde
			PEARLY BEACH	GANSBAAI	HAWSTON	STANFORD	KLEINMOND	HERMANUS	
pH	(pH)	5.5-9.5	8,8	6,5	7,4	7,7	7,3	7,4	5.5-9.5
Elektriese geleidingsvermoë	(mS/m)	150	170	124	156	139	105	160	5000
Fekale koliforme bakterie	(count/100mℓ)	1000	122	252	66	382	12	620	1000
Chemiese suurstofvraag	(mg/ℓ)	75 Max	314	59	74	29	73	44	75 Max
Ammoniakstikstof	(mg/ℓ as N)	6 Max	5	3	8	1	21	4	7 Max
Nitraatstikstof	(mg/ℓ as N)	15 Max	0,4	13,0	1,0	7,9	4,7	4,3	17 Max
Nitraatstikstof	(mg/ℓ as N)		0,9	0,7	0,4	0,1	0,7	0,7	
Totale swewende vaste stowwe	(mg/ℓ)	25 Max	100	2	2	2	10	2	25 Max
Orto-fosfaat	(mg/ℓ as P)	10 Max (Van toepassing op alle WWTW's behalwe Hermanus)	4	8	5	4	3	3	10 Max

Die Departement van Water & Sanitasie (DWS) beveel aan dat munisipaliteite van tyd tot tyd inligting ten opsigte van die gehalte van die uitvloeisel van hul rioolsuiweringswerke publiseer.

Die gehalte van die finale rioolwerke-uitvloeisel word gemeet teen standaarde wat deur DWS gestel word, welke standaarde as òf Algemene Standaarde òf Spesiale Standaarde geklassifiseer word.

Die tabel hierbo illustreer die gemiddelde metings by Munisipaliteit Overstrand se ses suiweringsaanlegte teenoor parameters wat vir die gehalte van uitvloeisel gestel word oor die afgelope ses maande, vergeleke met die DWS se Standaarde. Monsters word op 'n maandelikse basis vir ontleding deur geakkrediteerde laboratoria geneem.

In Munisipaliteit Overstrand voldoen die gehalte van die finale uitvloeisel van vuilwater in 89% van die gevalle.

In gevalle waar die toets resultate van die finale uitvloeiselmonster nie voldoen aan die standaard nie, word daar regstellings by die werke gedoen. Die afloopwater word dan weer getoets om te verseker dat alle parameters aan die standaard voldoen.

WANNEER JY IN DIE BRANDERS BALJAAR, KOM PERSOONLIKE VEILIGHEID EERSTE

Alhoewel Overstrand alombekend is vir sy bekoorlike strande waar vakansiegangers en inwoners gedurende die warm somermaande luilekker in die son kan baai en in die see kan afkoel, is hierdie deel van die kus ongelukkig ook berug vir sy rowwe seetoestande en trekstrome.

Ter wille van jou persoonlike veiligheid:

- Swem verkieslik waar lewensredders aan diens is en gee ten alle tye gehoor aan hulle instruksies, insluitend om dit nie buite die veilige sone – soos afgebaken deur rooi en geel vlaggies – te waag nie.
- As geen lewensredders aan diens is nie, moet nooit onvergesel gaan swem nie. Sorg dat daar ten minste een ander persoon is wat jou van die strand af sal dophou en dat daardie persoon jou deurentyd maklik tussen die branders sal kan eien.
- Dit is uiters gevaarlik om enige vorm van watersport (swem, branderplankry, roei, ens.) te beoefen wanneer jy onder die invloed is. Dwelms en alkohol maak dat jy nie by jou volle positiewe is nie, stadiger reageer en onverantwoordelik optree.
- Slaan altyd ag op seetoestande. As 'n storm aan die broei is of as 'n springgety in aantog is, moet dit eerder glad nie in die see waag nie.
- Weet hoe om 'n trekstroom uit te ken. Die NSRI beveel aan dat jy jou oë oophou vir:
  - Water in die deel waar die branders breek wat 'n ander kleur het as dié daar rondom
  - 'n Verandering in die patroon waarvolgens branders breek (in die reël breek branders nie in 'n trekstroom nie)
  - Seewier, "wolke" sand of opdrifsels wat deur die brandinggebied tot agter die branders beweeg
  - 'n Onstuimige of kabbelrige strook wat soos 'n kanaal of rivier déúr die brandinggebied wegvloei van die strand
- As jy in 'n trekstroom sou beland, is die belangrikste ding om nie paniekerig te word nie.
- Bly kalm en dwing jouself om te ontspan. Dit gaan nie help om teen die see te baklei nie.
- 'n Trekstroom sal jou nie onder die water intrek nie. Solank jy kan dryf, is jy veilig en kan jy rustig uit die stroom kom.
- Swem stadig en sonder om té veel energie te gebruik na die kant van die stroom totdat hy jou los. So nie, ontspan, draai op jou rug en laat die stroom jou neem tot agter die branders waar hy sal verslap en vanwaar jy dan kan terugswem strand toe.

As jy sien dat iemand in die moeilikheid in die see is, moenie jou lewe ook in gevaar stel nie. Vestig die lewensredders se aandag op die situasie of roep hulp in:

- Om 'n seereddingsnoodgeval te rapporteer, bel 112 op jou selfoon of kontak NSRI-Hermanus by 082 990 5967 of NSRI-Kleinmond by 063 699 2765.
- So nie, bel die noodnommer van Munisipaliteit Overstrand se Brandweer-en-reddingsdienste: 028 312 2400. Hulle is 24/7 aan diens.

OM SOMMER ENIGE DING GOEDSMOEDS IN DIE TOILET AF TE *SPOEL*, HOU 'N GEVAAR VIR JOU GESONDHEID IN

Toilette is daar om slegs van menslike afval ontslae te raak. Jou pogings om enigiets anders soos vuil babadoeke, hand- en afveelappies of selfs huishoudelike chemikalieë, gebruikte kookolie of verf in die toilet af te spoel, gaan ongetwyfeld 'n ramp tot gevolg hê – nie net vir jou nie, maar ook vir die omgewing.

Gebruike soos dié wat hierbo gelys word, veroorsaak dat riole geblokkeer word en oorloop wat, onvermydelik, daartoe lei dat die watertoevoer besoedel en groot skade aan ons kuslyn veroorsaak word.

Hou asseblief in gedagte dat selfs die kleinste item, soos 'n wattestokkie, deur die filters by 'n behandelingsaanleg kan ontsnap en in 'n rivier of op 'n strand kan beland.

Onteenseglik is dit onwys om sommer alles goedsmoeds in die toilet af te spoel.

Sodat geblokte uitlate en mangate verhoed kan word, volg asseblief hierdie raad:

- Voordat jy skottelgoed was, sorg dat jy eers alle brokstukkies kos afvee/afskraap en daarvan in die vullisdrom ontslae raak.
- Sorg dat jy alle ou kookolie in 'n geskikte houer opgaar voordat jy op 'n gepaste wyse daarmee wegdoen.
- Maak gebruik van 'n deursyger om te verhoed dat enige brokstukkies via die opwasbak se propgat in die rioolstelsel beland.

Eienaars is daarvoor verantwoordelik om die riool- en waterpype op hul eiendomme in stand te hou, maar as jy vermoed dat joune dalk geblokkeer is, rapporteer gerus dié situasie by jou naaste munisipale kantoor: Kleinmond-Hangklip 028 271 8400, Hermanus 028 313 8090/8997/8137, Gansbaai 028 384 8300, Stanford 028 341 8500.

Geblokkeerde riole kan ook ná ure by die munisipaliteit se beheerkamer gerapporteer word: 028 313 8000/8111.

STOMPIES HOORT IN DIE ASDROM, NÊRENS ANDERS NIE

Telkemale blyk dit uit skoonmaakoperasies dat rokers groot bydraers tot omgewingsbesoedeling is. Hulle tweedehandse rook is nie net skadelik vir diegene rondom hulle nie, maar die sigaretstompies wat hulle sommer so lukraak links en regs weggooi besoedel ons kuslyn, strate, openbare geriewe en parke en was ook onteenseglik die oorsaak van meer as een wegholveldbrand.

Mense verkeer onder die wanindruk dat stompies bioafbreekbaar is. Dit is dus sinneloos om hulle onder die sand of in grasperke te begrawe of om hulle in dreine te gooi.

Voorts moet sigaretstompies nooit, ooit by motorvensters uitgeskiet word nie:

Sou jy dit doen en jou roekelose gedrag 'n brand tot gevolg hê, moet jy maar weet: Ons gaan jou meedoënloos vervolg.

Munisipaliteit Overstrand doen 'n beroep op alle rokers en sake-eienaars om op 'n verantwoordelike wyse van sigaretstompies ontslae te raak.

Wanneer jy die buitelewe geniet, maak gebruik van 'n kommersieel beskikbare draagbare houertjie waarin jy jou stompies kan sit of gebruik sommer 'n bottel gevul met 'n bietjie sand en water om van hulle ontslae te raak. Gooi dan agterna die lotjie in die vullisdrom.

TUSSEN 18 EN 25 JAAR OUD? MOENIE HIERDIE OPLEIDINGSGELEENTHEDE MISLOOP NIE

Chrysalis Academy, 'n opleidingsprogram in lewensvaardighede vir jongmense in die Overstrand, se volgende inname sal duur van 1 Maart – 29 April 2022 vir mans en van 1 Julie – 31 Augustus 2022 vir vroue.

Alle inligting wat op die aansoeke betrekking het, sal nader aan hierdie datums bekendgemaak word.

Diegene wat graag by die akademie wil aansluit, moet tussen 18 en 25 jaar oud en 'n boorling van die Wes-Kaap wees.

Hulle moet ook graad 9 geslaag het, werkloos wees en nie tans enige skool bywoon of enige ander vorm van onderwys of opleiding ondergaan of 'n kriminele rekord hê nie.

Aansoekers word intussen aangeraai om solank die nodige dokumentasie in orde te kry.

Kandidate moet 'n gewaarmerkte afskrif van hulle identiteitsdokument, bewys van adres en hul mees onlangse skoolrapport indien. Twee ID-foto's en bankbesonderhede word ook verlang.

Let asseblief daarop dat aansoeke slegs gedurende die voormelde tydperke aanvaar sal word.

Meer oor die program:

Die program is 'n inisiatief van die Wes-Kaapse regering se departement van gemeenskapsveiligheid wat in vennootskap met Munisipaliteit Overstrand aangebied word.

Chrysalis Academy is 'n opleidingsinstansie wat kreatief met jongmense werk met die oog daarop om hulle verweer teen maatskaplike misdaad op te skerp en hul leierskapsvaardighede te ontwikkel sodat hulle meer veerkragtig is en verantwoordelikheid vir hul eie persoonlike groei kan aanvaar. Met hierdie doel voor oë, onderrig die instansie jongmense in die nodige lewensvaardighede, werktuie en praktyke wat nodig is om van hulle selfversekerde, ekonomies produktiewe en positiewe rolmodelle in hul gemeenskappe te maak. Enige jeugdige wat aan die kriteria voldoen, kan toegang tot die instansie verkry.